

# LOERIESFONTEIN SED VOLHOUBAARHEIDSFONDS BEFONDSINGSRIGLYN

(Maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling)

Hierdie volhoubaarheidsfonds is gestig om in maatskaplik-ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe (SED) te belê wat die visie en plaaslike ekonomie van Loeriesfontein bevorder. Aansoeke van gevestigde organisasies sonder winsoogmerk en maatskaplikgerigte ondernemings word veral verwelkom.

# 1. Wie kan aansoek doen?

Gevestigde organisasies sonder winsoogmerk<sup>1</sup> en maatskaplikgerigte ondernemings<sup>2</sup> gesetel in Loeriesfontein, met 'n bewese bedryfsrekord, kan aansoek doen vir befondsing, insluitende:

- Organisasies sonder winsoogmerke (NPO's);
- Gemeenskapgebaseerde organisasies (CBO's);
- Koöperasies en maatskaplikgerigte ondernemings;
- Sakevennootskappe gerig op spesiale geleenthede of gebeurtenisse (bv. feeste/markte);
- Enige ander relevante organisasies wat aan die vereistes voldoen.

# 2. Vereistes

- Die organisasie moet in Loeriesfontein wees en moet gemeenskapsprioriteite ondersteun;
- Dit moet vir ten minste 12 maande reeds in bedryf wees;
- Dit moet deur direkteure/aandeelhouers of 'n uitvoerende komitee bestuur word wat rekords hou;
- Dit moet 'n stigtingsdokument/grondwet hê en by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se direktoraat vir NPO's, of 'n ander relevante instelling geregistreer wees;
- Dit moet 'n bankrekening by 'n erkende bankinstelling hê, asook rekords van alle finansiële transaksies en finansiële verslae byhou;
- Dit moet 'n stewige regs- en finansiële grondslag hê;
- Dit moet oor sterk finansiële-bestuursvermoë beskik, met 'n goeie bedryfsrekord. Dit moet 'n jaarlikse begroting van minder as R500 000 hê en die begroting moet by die organisasiegrootte en vermoë pas;
- Dit moet enige ander finansieringsbronne bekend maak.
- Dit moet kan wys hoe bates gemobiliseer word (natuurlike, kulturele, maatskaplike, menslike, fisiese, finansiël);
- Dit moet 'n belastingklaringsertifikaat, beëdigde verklaring oor belastingvrywaring of 'n PBO-sertifikaat hê;
- Dit moet gewillig wees om met ander belanghebbendes saam te werk;
- Dit moet gewillig wees om deel te neem aan kapasiteitsontwikkeling, monitering, evaluering en leerbedrywighede;
- Dit moet gewillig wees om verslagdoening en verantwoordingdoening openbaar te maak.

## 3. Tipe toekennings

Befondsing kan die vorm aanneem van 'n gemeenskapstoekenning<sup>3</sup>; teentoekenning<sup>4</sup>, materiële donasie<sup>5</sup>, innoveringstoekenning<sup>6</sup> of tegniese ondersteuning<sup>7</sup>. Organisasies kan vir 'n **minimum van R50 000** en 'n **maksimum van R250 000** per toekenning aansoek doen. Ondernemings kan gevra word om 'n heraansoek in te dien indien vereistes nagekom is en tot twee toekennings kan elke jaar aan een onderneming goedgekeur word. Projekte moet binne 6 - 12 maande voltooi word.

<sup>&</sup>lt;sup>1</sup> 'n Ontwikkelingsorganisasie nie vir 'n winsoogmerk geregistreer nie of op soek na registrasie by DMO se NPO-direktoraat.

<sup>&</sup>lt;sup>2</sup> 'n Winsmakende organisasie (onderneming) met maatskaplike voordele of openbare belang as doelwit.

<sup>&</sup>lt;sup>3</sup> 'n Gemeenskapstoekenning/-toelaag is 'n enkelbedrag wat in maandelikse paaiemente aan gepaste SED-bedrywighede betaal word.

<sup>&</sup>lt;sup>4</sup> 'n Teentoekenning is 'n bedrag identies aan die geld wat 'n groep ingesamel het (verhouding van 1:1 – R1 vir elke R1 self verkry).

<sup>&</sup>lt;sup>5</sup> Direkte aankoop van goedere en dienste deur die maatskappy of ander materiële donasie.

<sup>&</sup>lt;sup>6</sup> 'n Kontanttoekenning vir vernuwende bedrywighede en organisasies wat nuwe idees en tegnologieë inspan.

<sup>&</sup>lt;sup>7</sup> 'n Toekenning vir opleiding, mentorskap, blootstellende besoeke en ander kapasiteitsvergroting.

## 4. Wenslike ondernemings wat kwalifiseer

Ondernemings moet plaaslike bates en hulpbronne benut, gemeenskapsgerig wees en tot voordeel van die plaaslike ekonomie bedryf word. Hulle moet:

- Bategebaseerd wees die bates in Loeriesfontein waardeer, gebruik en uitbou;
- Gemeenskapsgedrewe wees aanmoediging van eenheid (saamstaan) en gedeelde verantwoordelikheid/medebelegging;
- Kreatief, innoverend en voordelig wees;
- 'n Impak met meetbare resultate hê;
- Volhoubaar (inkomste genereer);

'n Toekenning sal nie gemaak word nie tensy maatskaplike kohesie en mobilisering getoon word en organisasies in hul eie inisiatiewe belê het. Voorkeur-inisiatiewe is die wat vennootskappe en eenheid in Loeriesfontein bevorder. *Voorbeelde van wenslike projekte is: Kulturele bedrywighede; kweek van groente/medisinale plante; dans; drama, kuns, sport, ontwikkeling van die jeug; vaardigheidsontwikkeling; markte; feeste; en enige ander inisiatiewe wat die Loeriesfonteinse gemeenskapsvisie en plaaslike ekonomie ondersteun.* 

## 5. Onwenslike bedrywighede

Onwenslike projekte/bedrywighede sluit in:

- Aktiwiteite gedrewe slegs deur selfbelang, m.a.w. wat net een individu of belangegroep bevoordeel;
- Projekte met 'n politieke agenda;
- Projekte wat 'n negatiewe maatskaplike, ekonomiese en omgewingsimpak sal hê;
- Noodmaatreëls om tekorte te dek, lenings te delg of borg te staan vir lenings;
- Slegs vir bedryfskostes;
- Salarisse en beurse/borgskappe;
- Individuele studies of oorsese studie;
- Godsdienstige bedrywighede;
- Slegs vir toerusting;
- Betaling van agterstallige rekeninge, bv. Eskom-, Telkom- en ander soortgelyke rekeninge;

## 6. Hoe om aansoek te doen?

- Aansoeke kan regdeur die jaar per e-pos of by die projekmaatskappy se kantoor ingedien word, maar sal volgens die skedule hieronder oorweeg word;
- Aansoekers moet die aangehegte aansoekvorm invul en duidelike inligting gee oor hul organisasie, projek en waarom dit voordelig is. Hulle moet ook aantoon watter bates/medebeleggings reeds bygedra is. Begrotings moet gedetailleerd wees;
- Die aansoek sal volgens bogenoemde kriteria deur 'n toekenningskomitee oorweeg word. 'n Besoek aan die organisasie se perseel kan geskeduleer word.

## 7. Verantwoordbaarheid

- Suksesvolle aansoekers sal skriftelik verwittig word en 'n kontrak sal met die projekmaatskappy onderteken word. 'n Afskrif van die verslagformaat (sjabloon) sal ook verskaf word;
- Die toekenning sal in maandelikse/kwartaallikse paaiemente uitbetaal word (soos ooreengekom) indien genoegsame verantwoordbaarheid en voldoening getoon word;
- Maandelikse of kwartaallikse verslae, met kwotasies, kwitansies en foto's aangeheg, word vereis;
- Maatskappypersoneel sal tegniese ondersteuning, mentorskap en kapasiteitsuitbouing verskaf om ontvangers van toekennings by te staan.
- Ontvangers sal oor netwerk- en ander geleenthede ingelig word;
- Ontvangers sal by monitering, evaluasie en leerbedrywighede betrek word en aangemoedig word om hul werk in nuusbriewe en op die projekmaatskappy se webtuiste bekend te stel. Ontvangers sal ook verantwoordbaarheid- en ander verslae openbaar moet maak;
- Toekennings sal onmiddellik opgeskort word as nie aan vereistes voldoen word nie.

## 8. Befondsingsiklusse en belangrike datums

	Spertyd vir aansoeke
Siklus 1	13 Januarie 2020, 16h30
Siklus 2	13 Maart 2020, 16h30
Siklus 3	15 Mei 2020, 16h30

Kontak asseblief die projekmaatskappybeampte vir meer inligting of hulp met u aansoek, of stuur 'n e-pos na <u>info@loeriesfonteinwind.co.za</u>; <u>info@khobabwind.co.za</u> Verdere datums sal aangekondig word.



# LOERIESFONTEIN SED VOLHOUBAARHEIDSFONDS AANSOEKVORM

(Maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling)

*Lees asseblief hierdie aansoekvorm noukeurig deur en wees duidelik oor alle nodige inligting. Heg asseblief bykomende bladsye/inligting aan indien nodig.* 

#### AFDELING 1. ALGEMENE INLIGTING

1.1. Naam van organisasie waarvoor befondsing gevra word::				
Tipe organisasie: (Merk asseblief)				
Organisasie sonder winsoogmerk (NPO): 🗆	Gemeenskapsorganisasie: 🗆			
Koöperasie: 🗆	Forum: D			
Klub: 🗆	Maatskaplikgerigte onderneming: 🗆			
Ander 🗆	Registrasienommer (indien van toepassing):			

#### 1.2. Kontakbesonderhede:

Adres:	
	Poskode:
Telefoon:	E-pos:
Naam en selnr.: I	Kontakpersoon 1:
Naam en selnr.: I	Kontakpersoon 2:
	•

## 1.3. Uitvoerende komitee:

Naam, Van & ID-nommers	Posisie	Kontakbeson- derhede	М	V	Ouder- dom	Wanneer het u u by die maatskappy aangesluit?

#### Name van die mense met tekenregte vir die rekening en hul posisie in die komitee:-

Naam:	Posisie:
Naam:	Posisie:
Naam:	Posisie:

## 1.4. Mense wat aan die projek werk:

Naam en Van	Titel/Rol in die projek	М	V	Ouder- dom	Tyd bygedra per week	Opleiding/Vaardighede
<u>Naam van projekleier:</u>						
Handtekening:		D	atum	:		
1.5. Bankbesonderhed	e					
Naam van bank:						
Adres van bank:						
Tipe rekening:						
Rekeningnr:						
Takkode:						
Wie gaan die boeke na	gaan of oudit (na	am/k	onta	knommer	)?	
Onderteken deur:						
Ek, (naam en van), gemagtig deur die uitvoerende komitee verklaar dat die inligting hierbo verskaf korrek is en bevestig dat die organisasie die bepalings en voorwaardes van enige toekenning wat die projekmaatskappy ontvang, sal nakom. Twee getuies vir ondertekening: Naam: Handtekening: Handtekening: Datum: Datum:						
<ul> <li>Sluit asseblief in by die aansoek:</li> <li>'n Grondwet of stigtingsdokument en registrasiesertifikaat;</li> <li>Afskrif van jongste bankstate en enige finansiële verslae;</li> <li>Belastingklaringsertifikaat of beëdigde verklaring van belastingvrystelling (indien van toepassing);</li> <li>Enige ander inligting wat met die assessering van die projek kan help.</li> </ul>						
Slegs vir interne gebruik:						
Ontvang deur:					Datum:	
<ul> <li>Grondwet/ Stigtings</li> <li>Belastingklaringsert toepassing)</li> </ul>						e brief van die bank ertifikaat (indien van toepassing
Goedgekeur/Afgekeur:	Datum :		Bedra	ag:	Handt	tekening:

#### AFDELING 2. BESKRYWING VAN DIE PROJEK

**2.1. Agtergrond** (*Wie die projek begin het, wanneer en waarom?*)

**2.2. Doel** (*Wat wil u bereik? Watter verandering het u ten doel*)?

**2.3. Hoogtepunte** (*Wat het reg verloop sedert die projek begin is? Waarop is u trots?*)

**2.4. Projekbeskrywing** (*Watter bedrywighede is daar? Wat doen u?*)

#### 2.5. Bedryfsplan (vir die volgende 6 - 12 maande) – neem meer bladsye indien nodig

Wat gaan u doen (take)?	Wie sal verantwoordelik wees?	Wanneer sal dit klaar wees?
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		

**2.6. Vennote/Netwerke** (*Wie is u vennote?* Met wie skakel of werk u saam? Wat doen hulle wat u organisasie/projek bevoordeel?)

#### **2.7. Bates/Hulpbronne** (In watter bates/hulpbronne word plaaslik bygedra?)

Watter plaaslike bates/hulpbronne word bygedra?	Geen ure	Waarde/Koste	Hulpbron (Van wie?)
Arbeid en tyd			
Kontant (bv. fondsinsamelings)			
Spesiale vaardighede			
Plekke/Persele (huis, geboue, grond)			
Verversings en spyseniering			
Ander ondersteuning:			

#### 2.8. Begroting versoek

Totale begroting versoek (let asseblief daarop dat die toekenningsbedrag R50 000 – R250 000 is) \_\_\_\_\_

Item – Waarvoor het u die geld nodig?	Koste	

(Heg asseblief kwotasies vir enige goedere en dienste aan)

## 2.9 Monitering en evaluasie

Hoe weet u dat die bedrywighede en werk van u organisasie 'n verskil maak? Watter veranderinge het u al waargeneem as gevolg van u werk? Hoe evalueer u verandering?

Wie het hierdie aansoek ingevul? <i>Naam:</i>	Posisie:
Handtekening:	Datum: